

Die 'Hemel' 2 keer kaf

Sarel van der Walt

Verlede jaar is die Nederlander Piet Wiersma met drie sekondes deur die Rustenburger Tete Dijana om die Comrades-titel geklop.

Hy was toe veral oor die laaste paar kilometer die spreekwoordelike Vlieënde Hollander.

Baie meen Wiersma, nou 26, kon gewen het as hy vroeër met sy eindpoging in die af-wedloop tussen Pietermaritzburg en Durban begin het.

Hy was by Drummond (die halfpadkerf) nog in die 16de plek en derde deur Winston Park tussen Gillets en Hillcrest, voordat hy tussen Pinetown en Sherwood, aan die buitewyke van Durban, in die tweede plek ingeskuif het.

Wiersma is terug in die land vir vanjaar se op-Comrades op 9 Junie tussen Durban en Pietermaritzburg en beter voorbereid as verlede jaar.



Piet Wiersma
Foto: NICK BESTER

Hy het gister twee keer die pad na "Die Hemel" in die noorde van Pretoria oorwin om dit te bewys.

"Die Hemel" is 'n opdraande van sowat 3,6 km tot by 'n radiomas bo-op die Magaliesberg.

Nick Bester, bestuurder van die Nedbank-span, Comrades-kampioen van 1991 en negemalige gouemedaljewenner, sê dié opdraande het die naam "Die Hemel" gekry "omdat die paadjie boontoe smal en moeilik is en nie almal daar uitkom nie".

Wiersma gaan tuis by Bester, wat dié opdraande in sy goue Comrades-jare ook as deel van sy Comrades-voorbereiding gehardloop het.

Bester het gisteroggend op sy bergfiets saam met Wiersma gery.

"Die Hemel" is sowat 14 km van Bester se huis. Wiersma het dié 14 km gehardloop, toe twee keer dié rugbreker-opdraande oorwin en teruggehardloop huis toe.

"Ek kon op die opdraande na 'Die Hemel' nie op my fiets by hom bybly nie," sê die 63-jarige Bester.

Wiersma het die 40 km wat hy gehardloop het in 2 uur en 22 minute voltooi.

Bester sê Wiersma, wat hoofsaaklik in Italië woon en oefen, het hom die afgelope jaar toegespits op vanjaar se Comrades.

"Verlede jaar het hy kort voor die Comrades 'n 100 km-wedloop gehardloop, maar ná 72 km opgehou.

"Dié keer het hy nie weer so 'n lang wedloop gehardloop kort voor die Comrades nie.

"Voor sy koms na SA, het hy vir vyf weke lank in Kenia gehardloop."



Tristan Leyds Foto: GETTY IMAGES

2023-'24-seisoen vir die Blitsbokke reg val.

"Ek dink ons was in die laaste twee toernooie nogal ongelukkig om nie die halfeindronde te haal nie.

"Ons probeer om bestendig te wees en ons het dit reggekry deur boaan ons groep te eindig. "As ons wedstryd vir wedstryd daardie bestendigheid kan behou, sal ons dit dalk regkry (om weer verder as die kwarteindronde te vorder)," sê Leyds.

Suid-Afrika kom in die groepwedstryde teen Ierland, Nieu-Seeland en Fidji te staan. Die naweek is daar slegs twee groepe in die stryd om die titel – wat beteken slegs die boonste twee spanne in elke groep dring deur na die halfeindronde.

Leyds vertel ook dit is 'n wonderlike ervaring om van die spelers in ander spanne, wat hy tevore slegs op televisie gesien het, in lewendige lywe te ontmoet.

"As 'n mens die ouens op televisie sien speel, droom jy altyd daarvoor om teen hulle te speel. Om hulle dan te ontmoet, is 'n ervaring op 'n ander vlak.

"Jy leer ook hul truuks ken en probeer om dit deel van jou eie mondering te maak. Hulle is wonderlike mense, veral die Fidjiane is baie vriendelik," sê Leyds.

anger gevoel

legasie-wedstryde slaags wees.

Die onderste vier spanne – Suid-Afrika het 11de geëindig – en die boonste vier spanne van die tweede liga sal sake uitspook om te bepaal watter vier spanne (saam met die boonste agt) kernspanne is vir die 2024-'25-seisoen van die reeks.

Suid-Afrika is in Madrid saam met Brasilië, Argentinië en België in die selfde groep.

"Ons besef die druk wat daarmee gepaardgaan. Die meeste van ons het verlede jaar hier in Stellenbosch in die Uitdaagreeks gespeel," sê Janse van Rensburg.

"Ek dink die span is nou ook op 'n goeie plek. Die span het die ervaring van 'n hele reeks wat opgebou is. Daarby is die gees in die span goed."

Suid-Afrika het verlede jaar twee keer met die Belge in die Uitdaagreeks, wat in Stellenbosch beslis is, afgereken. In die eindstryd in die eerste toernooi het Suid-Afrika België met 17-10 geklop en in die eindstryd na die tweede een met 17-14.

Suid-Afrika se vrouesewspan sal vanjaar die eerste keer nog op die Olimpiese Spele in aksie wees. Die sewestoernooi op die Spele, wat vanjaar in Rome, Frankryk beslis word, vind



Iga Swiatek, die verdedigende kampioen, speel gister 'n voorarmhou in haar eerste wedstryd in die Poolse Ope.

Swiatek sonder veel sweet de

Iga Swiatek, die eerste gekeurde, het gister net een uur nodig gehad om haar wedstryd in die eerste ronde van die Franse Ope te wen.

Die Pool het die Franse kwalifiseerder Leolia Jeanjean met 6-1, 6-2 kaffgedraf.

Sy het haar veldtog om haar vierde titel in dié Grand Slam-toernooi te wen begin deur net drie potte te verloor.

Daar is nou groot afgagting vir haar wedstryd móre teen Naomi Osaka, 'n viermalige Grand Slam-kampioen.

Die Japanner het Sondag drie stelle nodig gehad voordat sy Lucia Bronzetti van Italië met 6-1, 4-6, 7-5 kon klop.

"Dit voel asof ek taamlik goeie tennis speel, so ek hoop ek sal so lank moontlik hier wees," het Swiatek, die verdedigende kampioen, gesê.

Die 22-jarige Pool mik daarna om drie agtereenvolgende titels op Roland Garros in Parys te wen. Justine Henin het dit in 2007 vermag. Net Serena Williams kon in dieselfde jaar die titel in Madrid, Rome en Parys wen. Swiatek was later gistermiddag 'n toeskouer in die wedstryd tussen Rafael Nadal en Alexander Zverev.

Aryna Sabalenka, die tweede gekeurde, begin haar veldtog vandag teen die ongekeurde Rus Erika Andreewa.

Die Amerikaner Coco Gauff, die derde gekeurde, het min moeite ondervind om die Russiese kwalifiseerder Julia Avdeeva. Die 19-jarige Gauff se tenis in die tweede ronde is tussen Tamara Zidanse kwalifiseerder.

Die 20-jarige Gauff, 2022 in die eindstryd van die Franse Ope verloor, het verlede jaar haar eerste Grand Slam-titel verloor sy in die Amerikaanse Open gekroon.

Die Tsjeggiese kwalifiseerder Barbora Krejčíková, die vyfde gekleurde, het ook min moeite om die Spanjaard Iga Swiatek te oortuig.

Monaco GP was bra vervelig, sê topjaers

Die Monaco-landskap is skilderagtig, en 'n magdom beroemdes woon altyd dié Grand Prix by, maar vir die meeste deelnemers is dit 'n saai affêre.

Max Verstappen, Red Bull se driemaalige wêreldkampioen, het Sondag se Monaco GP as " 'n bietjie vervelig" beskryf nadat hy in die sesde plek weggespring én geëindig het.

Dié wenners van vyf van die vorige sewe wedrenne vanjaar – almal van die eerste wegspringplek – moes toekyk hoe Ferrari se wenners, Charles Leclerc, met sy oorwinning 'n ag-

terstand van 48 punte op die kampioenskapspuntelys tot 31 laat krimp.

Dit was die eerste Grand Prix wat Verstappen vanjaar voltooi het waar hy nie op die podium geëindig het. (In Australië moes hy ná net drie rondtes weens 'n reïmprobleem halt roep.)

"Die naweek is oor die algemeen baie lekker, net die Sondag is ongelukkig 'n bietjie vervelig, maar dis prettig om hier," het hy gesê. "As ons 'n manier kan kry om 'n bietjie meer wedywing op die baan



Daar was meer Springbok-kapteins en rugby gesels in Stellenbosch.

te bewerkstellig. Dis iets waar Mercedes-wedreldkampioen